

# PULA INVULA

>> GROWING FOOD >> GROWING PEOPLE >> GROWING PROSPERITY >>



DESEMBER  
2016

## Boere en die industrie vier die resultate daarvan om te leer en te volhard

Graan SA tydskrif vir  
ontwikkelende boere

Lees Binne:

- 06 | 'n Boodskap van hoop vir boere na 'n paar seisoene van swaarkry!
- 08 | Bestuur van koringreste en jou keuse van dekgewasse
- 10 | Herken die tekens van bankrotskap

1

Die Skotse skrywer Robert Louis Stevenson het gesê: "Moet nie 'n dag oordeel deur die oes wat jy maai nie, maar deur die saad wat jy plant". Kommer-siële produsente wat betrokke is by die Boere Ontwikkelingsprogram van Graan SA het dalk nie 'n oes gehad die afgelope seisoen as gevolg van die droogte nie, maar by die Dag van Feesviering was dit duidelik sigbaar dat die saad van kennis wat deur hul mentorskap geplant is, 'n enorme impak gehad het op die gebied van boereontwikkeling.

2

Op 22 September vanjaar het meer as 250 gaste, insluitend verteenwoordigers van die regering, landbou belang-hebbendes en ongeveer 160 opkomende graan-produsente die Dag van Feesviering in Bloem-fontein bygewoon. Die borge van die verskillen-de kategorieë is verteen-woordig deur Antois van der Westhuizen (John Deere Finansiële), dr Langa Simela (Absa AgriBesigheid), Antonie Delpont (Syngenta) en Clara Mohashoa (Monsanto).

Alle genomineerdes het groei getoon in hul boerderybedry-gighede deur insette van die Boere Ontwikkelings-program en hul harde werk is erken tydens die geleent-heid. Hierdie program be-wys dat verhoogde kennis oor

3

05

11

12



# OUMA JANE SÊ...



**D**it is die pragtige tyd van die jaar wanneer die meeste mense 'n bietjie kan rus en tyd saam met hulle families kan spandeer. Boere aan die ander kant kyk na hulle gewasse en hou die onkruid weg. Moet nie moeg word nie, omdat jy die vrugte van jou moeite sal pluk in die komende maande.

Die Amerikaners het 'n groot oes op hulle lande en dit sal die plaaslike prys van mielies beïnvloed. Ons moet verstaan dat die hoë pryse wat hierdie jaar ervaar is, nie maandeliks weer sal voorkom in die komende jaar nie. Ons moet begin dink waar ons beplan om ons gewasse te verkoop, sodat ons verseker kan wees om wins te maak.

Aan diegene wat baie kos vir hulleself produseer – onthou daar is nog tyd om bone te plant. Droë bone is 'n wonderlike bron van proteïen in ons dieet – die bone is maklik om te stoor en kan vir 'n hele jaar gehou word.

Terwyl ek aan Kersfees gedink het, het die gesegde hieronder my aandag getrek en ek het gedink hoe wonderlik dit sou wees as ons kon gee soos hier voorgestel word:

Mag die gee van Kersfees in jou hart leef vir die hele jaar.

## KERSGESKENK VOORSTELLE

Gee:

- Aan jou vyande, vergifnis.
- Aan 'n opponer, verdraagsaamheid.
- Aan 'n vriend, jou hart.
- Aan 'n klient, diens.
- Aan almal, liefdadigheid.
- Aan elke kind, 'n goeie voorbeeld.
- Aan jouself, respek.

~ Oren Arnold



## Boere en die industrie vier die resultate daarvan om te leer en te volhard

4



5



6



**Foto 1:** Die drie finaliste in die kategorie 2016 Graan SA/Absa/John Deere Finansiële Nuwe Era Kommersiële Boer van die Jaar is Frans Mokoena (Tweespruit in die Vrystaat), Zondiwe Motshwene (Emalahleni in Mpumalanga, wat verteenwoordig word deur sy seun, Karabo) en Maseli Letuka (Kestell in die Vrystaat). Agter is Antois van der Westhuizen (Besturende Direkteur: John Deere Finansiële Sub-Sahara-Afrika) en Jannie de Villiers (hoofbestuurder: Graan SA).

**Foto 2:** Die 2016-finaliste in die Graan SA/Syngenta Kleinskaalboer van die Jaar is Sizwe Ngwenya (Piet Retief, wenner), Thembalihle Tobo (Kokstad) en Hamu Shuwisa (Louwsburg).

**Foto 3:** Isaac Hlatshwayo (Nelspruit), Delisile Nkosi (Louwsburg) en Mswayi Zuma (Estcourt, wenner) is die finaliste van die 2016 Graan SA/Absa Bestaansboer van die Jaar.

**Foto 4:** Drie boere het hul opbrengs verhoog en is nou trotse lede van die 1 500 Ton Klub: Jeremia Mthembu, Lucky Khumalo en Job Dube.

**Foto 5:** Simon Teffo en Remember Mthethwa het by die 500 Ton Klub aangesluit.

**Foto 6:** Die nuutste lede van die 250 Ton Klub is Herbert Mabuza, Sizwe Ngwenya, Edwin Mahlatsi en Vuyani Lolwane.

**Foto 7:** Vuyokazi Mvunge en Nosabelo Mgoombane van Mthatha in die Oos-Kaap was twee van die vroulike boere wat kleurvolle tradisionele uitrustings gedra het.

**Foto 8:** Praeline Swart (Ondervoorsitter: Graan SA) met 'n groep dames van Mthatha in die Oos-Kaap.

onkruidbeheer, grondgesondheid en saadkeuse 'n dramatiese impak op boerdery kan hê. Al nege finaliste het genoem hoe belangrik die insette van hierdie program in die bereiking van sukses was. Graan SA is baie dankbaar vir die borge wat hierdie program moontlik maak: Die Mielietrust, Wintergraantrust, Sorghumtrust, OPOT, AgriSETA en Pioneer.

### Die 2016-wenners

Die 2016 Graan SA/Absa Bestaansboer van die Jaar is Mswayi Dawid Zuma (66) van Estcourt in KwaZulu-Natal.

Dawid en sy vrou, Goodness, werk as 'n span en ten spyte van die laat reëns het hulle 22 ton mielies uit 8 hektaar geoes wat hulle met die hand geplant het.

'n Ambisieuse jong man, Sizwe Innocent Mgwenya (31), van die Piet Retief omgewing het die toekenning as die 2016 Graan SA/Syngenta kleinskaalboer van die Jaar ontvang. Sizwe bou voort op die 50 hektaar grond wat hy van sy pa ontvang het. Hy het 250 ton mielies vanjaar opgelewer, alles met die hand geoes. Sy sukses is 'n gevolg van uitstekende grondbestuur, insluitend bewaringspraktyke en 'n sterk fokus op pH en voedingswaarde balans.

Die drie finaliste in die kategorie 2016 Graan SA/Absa/John Deere Finansiële Nuwe Era Kommersiële Boer van die Jaar is Maseli Letuka (Ladybrand), Zondiwe Motshwene (Louwsburg) en Frans Mokoena (Ladybrand). Elke finalis ontvang 'n geskenkbewys van John Deere Finansiël wat hulle kan verruil vir 'n stuk boerdery toerusting van John Deere. Die wenner is aangekondig by die Graan SA Graan Produsente van die Jaar gala geleentheid op 14 Oktober in Midrand. Die wenner sal weer 'n John Deere trekker ontvang, geborg deur John Deere Finansiël in vennootskap met Absa.

Jane McPherson (Bestuurder: Boere Ontwikkeling, Graan SA) bedank die vriende van die program – diegene wat die program ondersteun om sy voortbestaan te verseker. Graan SA se uitvoerende hoof, Jannie de Villiers het sy dank uitgespreek teenoor elke Ontwikkelende Graanprodusent wat bereid is om gementor en geleer te word en sodoende 'n groeiende oes van graanprodusente jaarliks verseker. Na 'n moeilike seisoen op hul eie plaas, het Jenny Mathews (produsent van Sannieshof en vorige voorsitter van die direksie van die Graanboer Ontwikkelingsassosiasie) 'n spesiale boodskap van bemoediging met boere gedeel. "Om 'n seisoen soos hierdie een te hanteer, was soos 'n mallemeule". Sy sê, "n Seisoen soos hierdie het ons boere op hul knieë gebring, maar die lewe gaan aan. Ons het 'n honger nasie om te voed en ons is nog steeds mense met krag in ons hande om voedsel te produseer." Sy het boere aangemoedig om die raad van Psalm 121 te volg en "op te kyk" en nie op die negatiewe te konsentreer nie en afgesluit met 'n Afrika spreekwoord, "Hoe lank ook al die nag, die dagbreek sal kom".

Artikel verskaf deur Louise Kunz, Pula Invulva medewerker. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na [louise@infoworks.biz](mailto:louise@infoworks.biz).

# Grondprofiele en evaluering van gestoorde vogkapasiteit

**E**en van die mees waardevolle gereedskappe wat deur boere, konsultante en navorsers gebruik word, is die ondersoek van grondprofiele op 'n bepaalde stuk grond wat gebruik word vir die volle omvang van landbouproduksie. Dit kan wissel van die evaluering van landtipes vir grond diepte en struktuur, tot gewas en weidingproduksie en ook die beplanning om kommersiële lewensvatbare bosbou te vestig.

“

*Die ondersoek en kwantifisering van 'n grondprofiel vir die totale hoeveelheid gestoorde vog na 'n winter braaktydperk, kan verskeie kritieke faktore aandui.*

'n Profielgat sal die assessering, evaluering en kwantifisering van die aard en omvang van grondbedekking, grondgesondheid en tekstuur, gronddiepte, grondtipe en grond stratifikasie in die top-, middel- en onderste lae uitwys. Indien die land groeiende gewasse daarop het, kan die wortelontwikkeling in die grond nagespoor word, asook enige laag wat dalk optree as 'n struikelblok vir volle wortelgroei soos 'n ploegblad, struktureel harde lae, of ondeurdringbare lae as gevolg van die chemiese samestelling of voedingstekorte van 'n bepaalde onderste laag.

Grondprofiele moet regdeur die groeiseisoen op elke verskillende grondtipe wat in jou boerdery gevind word, ondersoek word. Die ondersoek en kwantifisering van 'n grondprofiel vir die totale hoeveelheid gestoorde vog na 'n winter braaktydperk, kan verskeie kritieke faktore aandui. 'n Evaluering kan gemaak word van hoeveel vroeë somerreën nodig is om in staat te wees om met vertroue te plant en of die oes waarskynlik in staat sal wees om sy groeisyklus, gegewe die gemiddelde of normale reënvalpatrone wat op jou plaas ervaar is, te voltooi.

## Profielgate

Profielgate moet ten minste 1 meter by 1 meter en diep genoeg wees om die hele profiel vir die diepste effektiewe worteldiepte van die gewasse of weiding wat verbou word op 'n bepaalde land, aan te dui. 'n Oos/Wes oriëntasie help met die neem van foto's tydens die middelste gedeelte van die oggend. Die gate kan met die hand gegrawe word, of vinnig deur die gebruik van 'n meganiese graaf wat amper deesdae 'n standaard stukkie toerusting op baie plase is.

Indien 'n paar gate ondersoek moet word vir aanvanklike evaluering, kies wat jy as die beste of swakste gewasproduksie blokke beskou en verskillende gronde wat onder weiding is.

Indien jy vir 'n paar jaar geboer het, doen ten minste een profielgat op grond in 'n land wat altyd lyk asof dit goeie oeste produseer. Dit kan die maatstaf grondprofiel op jou plaas word. Hou in gedagte dat die diepste grond nie

optimum kan produseer indien 'n verskeidenheid vrugbaarheidsprobleme soos hoë suur, of lae vlakke van fosfate, of ander minerale voorkom nie. Dit is altyd 'n goeie idee om grondmonsters te neem wanneer jy evaluering van grondprofielgate doen. Die algemene struktuur van die grond, asook die vrugbaarheidstatus en ook veginhoud kan optree as die grondslag vir toekomstige evaluering met betrekking tot die effektiwiteit van bewerkingsmetodes en om die veranderinge aan grondtekstuur en vrugbaarheid op te spoor.

Sodra jou kennis van die grond wat op jou plaas is verbreed, kan 'n goeie land-augur gebruik word om vinnig te evalueer in watter klas grond 'n bepaalde blok sal val. Die ekonomiese potensiaal van elke blok en dan van die hele plaas, kan dan bepaal word.

Ander gereedskap om saam met jou te neem, is 'n breë geel maatband om bogrond diepte en ander lae te meet, 'n knipmes of geologiese hamer om te kyk vir harde lae en 'n klipbord om die ontleding en besonderhede van elke gat aan te teken.

## WATERVERBRUIK DEUR GEWASSE

Die watergebruik deur gewasse in 'n grondprofiel word grootliks bepaal deur die groeiperiode van die gewas, die millimeter (mm) water wat gebruik word deur transpirasie deur die plant uit die grond en die evapotranspirasie van reënwater vanaf die oppervlak van die plant en grond. Maksimum gebruik van vog kom gewoonlik voor tydens blom en saadvulling.

Mielies kan byvoorbeeld 'n groeiperiode 125 - 180 dae hê en kan enigiets gebruik van 500 mm tot 800 mm, afhangende van klimaatsfaktore en kultivar wat gekies is. Verwante waardes vir sonneblom is 125 - 130 dae en 600 mm tot 1 000 mm.

## Evaluering van gestoorde grondvog

Sommige van die belangrikste doelwitte van die evaluering van die grondvog sal wees om die

huidige status van vog in die grond te bepaal, enige tyd tydens die groeiseisoen of tussen gewasse. 'n Skatting van die totale gewasvereistes minus die behoue vog tydens plant sal jou 'n idee gee van die reënval of besproeiing benodig tydens die groeiseisoen van die gewas om hom in staat te stel om sy normale groeisyklus te voltooi.

Veldkapasiteit is die hoeveelheid oorblywende water of water wat in die grond behou is 'n paar dae nadat hy benat is en na vry dreinerings van oortollige water gestop het. Veldkapasiteit in die bogrond word ook gedefinieer as 'n toestand van die grond indien daar 'n balans van 50% water en 50% lug in 'n bepaalde monster is.

Die "voel en voorkoms metode" is 'n praktiese metode om grondvog te skat in die verskillende lae, met verskillende grondteksture, deur die grondmonster van verskillende strata in jou hand te druk om 'n onreëlmatig gevormde bal te vorm. Die monster word ook in jou hand gedruk tussen die duim en wysvinger om 'n lang rolletjie te vorm. Die grondtekstuur, vermoë om 'n rolletjie te vorm, teenwoordigheid van water, los grondeeltjies en grond/water vlekke op die vingers kan dan vergelyk word met kaarte en deur die gebruik van ervaring, om 'n raming van die beskikbare water persentasie vir sandrige leem, leem, of die laer onderliggende klei te doen. Die boer moet 'n kursus doen oor die identifisering van die verskillende grondtipes om in staat te wees om die verskillende grond in die strata akkuraat te evalueer.

## Berekening van die beskikbare water

As 'n algemene reël sal 'n fyn sandleem 25,4 mm per 150 mm diepte behou en 'n klei 25,4 mm per 76 mm diepte. Ander grondtipes sal vogvlakke tussen hierdie waardes behou.

As 'n eenvoudige voorbeeld, die profiel gat in **Foto 1** toon 'n Westleigh grond, geleë in die Oos-Vrystaat, met ongeveer 45 cm van fyn sand klei leem bogrond op sagte plintiet klei. Die land is meer as 15 jaar gelede aangeplant met *Eragrostis curvula* weidinggras. Daar is 'n bewys van hoë organiese materiaal en humus wat opgebou het, sonder harde verdigtings of beperkinge op wortelgroei. Bewyse van 'n sterk wortelgroei word diep in die sagte plintiese klei gevind.

Die effektiewe worteldiepte word dus geskat op ongeveer 60 cm. Hierdie land het 128 mm reën ontvang gedurende Maart, April en Mei van 2016. Die grondvog kan soos volg geskat



“

*Profielgate moet ten minste 1 meter by 1 meter en diep genoeg wees om die hele profiel vir die diepste effektiewe worteldiepte van die gewasse of weiding wat verbou word op 'n bepaalde land.*

word: 450 mm gedeel deur 150 mm bogrond x 25,4 mm teen 60% veldkapasiteit is gelyk aan 45 mm gestoorde vog in die bogrond laag. 300 mm sagte plintiese klei sal sowat 60 mm vog hou wat ons 'n totaal van 105 mm of 4 duim gestoorde vog gee. Die land sal teruggeplaas word na gewasse en begin met geen-bewerking met sojabone. Onkruidbeheer met 'n glifosaat basis en ander chemikalieë word in twee bespuitings toegedien en sal enige hergroei van gras beheer. 30 mm reën is ontvang op 20 Oktober 2016. Nadat die grondvog beoordeel is, kan hierdie boer met vertroue plant dat die oes in staat sal wees om deur te gaan tot Januarie sonder verdere reën en sal 'n baie goeie kans op sukses gegee word, gegewe toekomstige normale reënvalpatrone.

Hou in gedagte dat 'n baie diep Hutton of Avalon grond in 'n reënval gebied met 'n langtermyn gemiddeld van 850 mm 'n minimum van 6 t/ha mielieproduksie potensiaal sal hê. Die Westleigh getoon in die foto, in 'n streek met 'n 625 mm langtermyn reënval gemiddeld, sal 'n geraamde maksimum 3 t/ha mielieproduksie potensiaal hê met 'n moontlike 4 ton mieliepotensiaal in 'n uitsonderlike jaar.

### Gevolgtrekking

As 'n boer is dit verstandig om jou grond te ken en in staat te wees om grondvog te evalueer om bewerkingsmetodes effektief te monitor, ten einde soveel grondvog as moontlik op te gaar om die finansiële risiko's vir die aanplant van gewasse of die bestuur van weiding te verminder gedurende die komende seisoene.

*Dit word sterk aanbeveel dat die publikasie Grondklassifikasie – 'n Taksonomiese sisteem vir Suid-Afrika, 2de hersiene weergawe, ISBN 0-621-10784-0, verkry word van die navorsing en Tegnologie Bestuurder, Privaatsak X79, Pretoria, of bestel van bekende boekwinkels af met behulp van die ISBN verwysing. Dit is die "Bybel" van Suid-Afrikaanse grondklassifikasie en moet in elke boer se boekrak wees as 'n verwysing om die klas van jou grond op jou plaas akkuraat te bepaal en as 'n hulpmiddel dien in die bepaling van die ware landboupotensiaal van jou plaas.*



*Westleigh grond wat voorkom in die Oos-Vrystaat, met ongeveer 45 cm fyn sand klei leem bo-grond op sagte plintiet klei.*

**Artikel verskaf deur 'n afgetrede boer.**

# 'N BOODSKAP VAN HOOP vir boere na 'n paar seisoene van swaarkry!

Tye van ekonomiese swaarkry en politieke onstuimigheid, tye van klimaatsverandering en droogte – hierdie dinge het 'n invloed op ons lewens op so baie verskillende maniere; maar die boeregemeenskap voel die droogte die meeste van almal... omdat ons die effek van hoë temperature en geen reën op ons velde en gewasse, ons diere en hul weiding ervaar – en natuurlik, in ons sakke ook. Ons sien selfs die droogte in die oë van ons kinders wanneer ons vir hulle moet sê daar is nie geld vir enigiets 'ekstra' vanjaar nie...

Die hantering van die gebeure van die afgelope seisoen was soos 'n mallemeule van emosies; op met hoop, dan af van bekommernis – dan in die dieptes van wanhoop! Nog nooit tevore was ons insette en finansies op groter risiko nie. Ja, boere is op hul knieë in die gesig van een van die ergste droogtes en wreedste hittegolwe in menseheugenis!

**'n Boere vriend het berading vir sy depressie ontvang. Die psigiater het vir hom gesê dat die geheim om uit die donker depressie te kom, is om op te hou afkyk grond toe en eerder OPKYK...kyk mense in hul oë; kyk probleme in die oog. Lank gelede het die Here vir ons in Sy Woord in Psalm 121 gesê: KYK OP NA DIE BERGE...DIS WAAR JOU HULP VANDAAN KOM!**

En tog – die lewe gaan aan! En ons moet ook! Ons moet oorleef, beide as besighede en as individue. Ons het almal vaders en moeders, mans en vroue, kinders en broers en susters, asook ons werkers om voor te sorg. Ons moet ons uiterste bes doen om te oorleef en om planne vir die nuwe seisoen te maak – ONS KAN NIE OP GEE NIE! En wat meer is: Ons moet voedsel produseer vir die bevolking van ons land en as boere is ons groep om versorgers van die aarde wees.

Daar is so baie dinge waaroor ons absoluut geen beheer het nie. Ons kan niks aan dinge soos wêreldpolitiek of wêreldwye ekonomiese swaarkry doen nie...ons moet dus ophou om bekommerd te wees oor hulle, want die wortel van hulpeloosheid en soms selfs oorweldigende depressie lê daarin.

**ONTHOU: Die enigste keer wat jy misluk – werklik misluk – is wanneer jy val en bly lê!**

In plaas daarvan moet jy 'n slag goed na jouself kyk. Besluit hoe jy gaan reageer op eksterne omstandighede met jou eie reserwe interne krag en geloof. Probeer om nie stil te

sit en niks te doen nie. Probeer om nie te lank te tob oor die negatiewe nie. Dinge is wat hulle is! Daar is niks wat ons kan doen om die hittegolf te verander of om die droogte te stop nie – ons kan nie die reën laat val of gras laat uitspruit nie...spandeer elke dag tyd in gebed en meditasie om 'n innerlike kalmte en sterkte te vind. Fokus op wat jy het – en op wat jy kan doen. Is jy nog steeds gesond en sterk? Kan jy nog planne maak?

## Doen dinge wat werk benodig en nie geld nie

Bly besig en doen dinge wat jy nie normaalweg tyd kry om te doen nie. Ruim die skure en die plaaswerf op. Gaan deur al jou gereedskap; gee hulle 'n laag verf. Oorweeg om dinge te doen om jou huis – soos herstelwerk en instandhouding wat jou vrou jou lankal soebat om te doen. Geluk in die huishouding help en sal maak dat sy meer geneig is om jou te ondersteun deur die moeilike tye! Dink aan klein maniere om 'n bietjie geld te maak wat met die kontantvloeisituasie sal help – kap en verkoop hout; werk aan jou eie groentetuin – al is dit hoofsaaklik om jou hande besig te hou en jou gedagtes te beset – en natuurlik help elke paar sent!

**Die basiese boodskap is:** Ons as boere moet nooit te trots wees om fisies hard te werk of om ons lewensmaats van ons omstandighede te vertel nie. Ons moet doen wat dit vereis om ons besighede gesond te hou en ons families te voed. Die energie wat ons daarvoor gebruik, sal alreeds maak dat ons gefokus voel op ons langtermyn doelwitte en sal ons vul met genoeg passie om te veg vir oorlewing!

Uiteindelik is **AL** wat saak maak is wat **JY** doen aan jou omstandighede en hoe negatief **JY** toelaat dat jou probleme jou raak. Gaan jou probleme jou aftrek, of sal hulle jou dryf tot aksie?

**Gal 6.v.9 sê:** “Laat ons dan nie moeg word om goed te word; want op die regte tyd sal ons 'n oes insamel – as ons nie moed opgee nie”.

*Daar is so baie om te sê oor die krag van die individu. Een van my gunsteling boeke oor al die jare is Bryce Courtenay se 'Die Krag van Een'. Hy skryf: “Die krag van een is bo alles die mag om te glo in jouself...jou gedagtes is die atleet, die liggaam is net die middel wat hy gebruik om vinniger of meer te hardloop,*





Een boom kan 'n bos begin, een glimlag kan 'n vriendskap begin,  
een hand kan 'n siel ophef, een woord kan die doel verwoord, een  
stem kan 'n nasie verander, een sonstraal kan 'n kamer verlig,  
een kers kan die duisternis uitwis en een aanraking kan wys dat jy  
omgee – een lewe kan die verskil maak!

*Skrywer Onbekend*

“Die enigste keer wat jy  
misluk – werklik misluk  
– is wanneer jy val en bly lê!

*hoër te spring, meer reguit te skiet, beter te  
skop, harder te swem, verder te tref, of beter  
te boks.”*

Ek glo dat die ontwikkeling van 'n positiewe  
houding en om 'n verskil te maak, is my pad na  
'n meer vervullende, bevredigende bestaan,  
dus moet ek bereid wees om klein veranderinge  
aan te bring en ek moet my lewe leef en bewus  
wees daarvan dat ek 'n verskil KAN maak!

**'n Ou boer is die vraag gevra:** Waarom  
boer boere, gegewe hul ekonomiese teen-  
spoed met boonop baie frustrasies en pro-  
bleme wat normaal is aan boerdery?

**Hy het geantwoord:** Altyd, altyd is die  
antwoord: Liefde. Ons doen dit vir die liefde.  
Boere boer vir die liefde van boerdery. Ons  
is lief om te kyk na en die groei van plante te  
koester. Ons is lief daarvoor om in die teen-  
woordigheid van diere te lewe. Ons is lief om  
in die buitelig te werk. Ons is lief vir die weer.  
Ons is lief om te lewe waar ons werk en om te  
werk waar ons woon. Ons hou daarvan om te  
werk in die geselskap van ons lewensmaats en  
ons kinders. Ons is lief om onafhanklik te werk  
en ons is lief daarvoor om nie 'n bestuurder te  
hê wat ons vertel wat om te doen nie!

**Wat van jou? Boer jy omdat jy lief is  
daarvoor?**

Sal jy veg vir dit wat jy gehad het en sal jy  
alles moontlik doen om jou plaas te red? Gaan  
jy binnenshuis bly met die gordyne toe of sal  
jy gevind word op jou lande waar jy bokke en  
kraaie jaag, elke laaste greintjie koring beskerm  
totdat die oestyd kom, soos mnr Khumalo en mnr  
Ndhlovu naby Ntabamhlope verlede somer?

*Ten slotte, broers, alles wat waar is, alles  
wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat  
rein is, alles wat mooi is, alles wat prysens-  
waardig is, indien daar enige uitnemendheid is,  
as daar iets is wat lofwaardig is – dink na oor  
hierdie dinge. (Fil 4: 8)*

Mag jy hoop daarin vind om standvastig te  
wees; mag die reën sag op jou lande val en  
mag jy leef in vrede!

**'n Ou Afrika spreekwoord sê: Hoe lank ook  
al die nag, die dagbreek sal kom. Droogte het  
gekom in die verlede, maar dit was nog altyd  
op die ou einde gebreek – ons moet seker  
maak dat dit ons nie eerste breek nie!**

**Artikel verskaf deur Jenny Mathews,  
Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting,  
stuur 'n e-pos na [jenjonmat@gmail.com](mailto:jenjonmat@gmail.com).**



# Bestuur van koringreste en jou keuse van dekgewasse



*Koringreste om die grond te beskerm.*

**D**ie bestuur van reste vir die volgende oes is baie belangrik, wat koringstoppels of moontlike dekgewasse kan wees. Bestuur sal 'n belangrike rol speel in die sukses van die gewas wat volg.

Konvensionele of bewaringslandbou praktyke sal verskillende maniere hê om die koringreste te bestuur. By konvensionele boerderypraktyke word reste in die grond ingewerk deur verskillende bewerkingspraktyke voor die volgende

oes geproduseer word. Dit is beslis die maklikste manier om jou reste te hanteer, buiten om dit te baal vir dierevoer of beddegoed. Ongelukkig is dit nie 'n volhoubare praktyk nie met groot hoeveelhede koolstof wat verlore gaan in die vorm van CO<sub>2</sub> tydens die bewerkingsaksie en daarmee die agteruitgang as gevolg van 'n verlies aan grondstruktuur. Die verwydering van die kaf of reste vir voer of beddegoed, lei tot 'n verlies aan voedingstowwe uit die stelsel, wat weer lei tot verhoogde kunsmis benodig tydens die volgende seisoen.

Hierdie proses laat die grond kaal sonder enige beskerming teen die elemente soos die reën en wind, wat lei tot oormatige verlies aan bogrond deur erosie. Bewaringslandbou het die teenoorgestelde in gedagte, die behoud van reste op die grond om erosie te voorkom en wat

'n beskermende laag teen die elemente vorm. Dit hou die grond koeler in die somer, wat help om die belangrike mikrobiese lewe in die grond te beskerm. Laasgenoemde bestuurspraktyk beteken nie dat 'n boer verhoed word om diere te laat wei op die reste gedurende die somerseisoen nie.

Op die Langgewens Navorsingsplaas van die Wes-Kaapse Departement van Landbou, naby Moorreesburg in die Wes-Kaap, het vier van die bewerkingsstelsels wat getoets is, 'n vee faktor ingesluit wat wei op die weiding en koringreste gedurende die somer. Die diere in hierdie stelsels is op so 'n manier bestuur om te verseker dat nie meer as 50% van die reste verwyder word nie. Deur dit te doen, sal jy in staat wees om genoeg bedekking op die grond te behou.

Die voordele van die weiding is 'n vinniger manier om voedingstowwe deur die dier te her-

**“**Die belangrikste ding om te onthou met 'n winter dekgewas, is om dit te sny voordat dit saad skiet.

“

*Die bestuur van dekgewasse hang af van wat die boer wil bereik.*

win en minder grondbedekking vergemaklik die aanplant van die volgende oes, veral wanneer jy plant met 'n planter met 'n tanmeganisme. Die diere se hoewe help ook om die reste in kleiner stukke op te breek om die vloei van die reste deur 'n planter te vergemaklik. Alhoewel volle bedekking beter is, kan dit die lewe tydens die plantaksie bemoeilik.

Om die probleem te verlig, kan 'n boer 'n paar rubberbande oor die land sleep om stoppels op te breek in hanteerbare gedeeltes en die reste eweredig oor die gebied te versprei. Daar is ook hark-tipe implemente beskikbaar wat gebruik kan word om die reste meer eweredig te versprei direk na oes, of voor aanplant van die volgende oes.

Die bestuur van dekgewasse hang af van wat die boer wil bereik. As jy 'n winter dekgewas aangeplant het, sal bestuur bepaal word deur wat die gebruik van die gewas sal wees. Dit kan gebruik word as 'n hooi of kuilvoer gewas, grondbedekking of selfs vir weiding. In al hierdie gevalle sal die dekgewas help met onkruidbeheer. Dit is belangrik dat dit vroeg geplant word om die groeiseisoen so lank as moontlik te verleng. Hoe langer die groeiperiode, hoe meer materiaal word geproduseer.

Wanneer die dekgewas gebruik word vir hooi of gelos word vir grondbedekking, is dit belangrik om die gewas te sny voordat lewensvatbare saad geproduseer word. In die geval van hooi, sal die dekgewas gesny en gelos word om te droog voor dit gebaal of plat gerol word in die geval van produksie vir bedekking van die grond. In beide gevalle kan dit ook beëindig word met 'n geregistreerde onkruidododer. Wanneer dit gebruik word as kuilvoer, sal dit op die tydstop waarop die dekgewas op



**Goeie grondbedekking stoor vog en onderdruk onkruid gedurende die volgende seisoen.**

'n optimale stadium vir die maak van kuilvoer is, gesny word.

Indien die dekgewas gebruik word vir weiding, is daar twee opsies. Die eerste is om die dekgewas te laat groei vir so lank as moontlik voordat dit beweë word, wat waarskynlik die beste opsie is wanneer gewei word met beeste. Die tweede opsie mag dalk beter wees indien gewei word met skape of bokke. In hierdie opsie het jy 'n vroeë beweiding, waarna die dekgewas gelos word om te hergroeï. Die diere word dan verskuif na permanente weiding tot 'n moontlike tweede weiding later in die seisoen (as daar genoeg hergroeï is). As die dekgewas goed herstel, in plaas van die tweede weiding, kan die dekgewas gesny word en gebruik word vir hooi. Die belangrikste ding

om te onthou met 'n winter dekgewas, is om dit te sny voordat dit saad skiet.

'n Somer dekgewas kan op dieselfde manier bestuur word as jy in 'n oorwegend somerreëval gebied val. As jy 'n somer dekgewas in die winterreëval gebied of 'n winter dekgewas in die somerreëval gebiede wil plant, sou dit wys wees om die dekgewas vroeg genoeg te sny om genoeg tyd te gee om water in die grondprofiel op te gaar.

**Artikel verskaf deur Dr Johann Strauss, Direktoraat Plantwetenskappe, Navorsing en Tegnologie Ontwikkelingsdienste, Departement Landbou Wes-Kaap. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na [johannst@elsenburg.com](mailto:johannst@elsenburg.com).**

## Pula Imvula se Aanhaling van die Maand

*Life is about making an impact, not making an income.*

~ Kevin Kruse

# Herken die tekens van BANKROTSKAP

**B**ankrotskap verwys na 'n posisie waar die boerdery meer laste as bates het en nie in staat is om al sy verpligtinge na te kom nie. Dreigende bankrotskap gebeur nie oornag nie. Dit is 'n stadige proses en neem 'n lang ruk (die meeste van die tyd ten minste meer as 'n jaar) voor die boerdery bankrot verklaar word, of die tegniese korrekte woord, insolvent.

Dit lei tot die vraag: "Hoekom is daar boere, in die middel van 'n krisis (byvoorbeeld die huidige droogte), wat in staat is om suksesvol te boer en al hul verpligtinge na te kom?" Dit kan eindeloos gedebatteer word. Maar uiteindelik kan al die redes herlei word na die gehalte van bestuur en in die geval van 'n boerdery – plaasbestuur, soos bevestig is deur 'n aantal studies oor hierdie kwessie.

Talle definisies vir Boerderybestuur bestaan, maar 'n kombinasie van al die definisies, bepaal almal min of meer dat 'PLAASBESTUUR DIE DOELTREFFENDE GEBRUIK OF KOMBINASIE VAN ALLE HULPBRONNE IS, MENSLEK EN FISIES, OM DIE DOELWITTE VAN DIE BOERDERY ONDERNEMING TE BEREIK.' Daarom is die fisiese hulpbronnabasis van 'n plaas nie 'n resep vir sukses of mislukking nie. In plaas daarvan word prestasie bepaal deur die manier waarop die plaas bestuur word om die hulpbronne doeltreffend te gebruik.

In die praktyk beteken bestuur om te beplan, te organiseer, te implementeer en alle bestuursareas behoorlik te beheer. Bestuursareas sluit in produksie, bemerking, aankope, finansies, administratief, menslike hulpbronne, openbare betrekkinge, bate en voorraad en algemene bestuur. Dus moet die boer 'n kampioen bestuurder wees. Die kampioen boer sal dan in staat wees om sy werknemers, sy grond en alle vaste en roerende bates doeltreffend te gebruik om gehalte produkte wat kliënte nodig het, teen 'n wins te produseer.

*"Sommige boere dink hulle plase genereer 'n klomp geld, maar behoorlike rekordhouding kan waarskynlik daarop dui dat byvoorbeeld selfgeproduseerde mielies nie 'gratis' is nie."*

Terselfdertyd, tydens uitvoering van elk van die bestuurstake – beplanning, organisering, implementering en beheer – sal die kampioen boer/bestuurder 'n goeie leier wees wat besluite kan neem, intern en ekstern kan kommunikeer, werk delegeer, afdelings koördineer, sy mense motiveer en dissipline handhaaf, beide informeel en formeel.

Gedrag van bestuurders wat dui op swak bestuur en 'n invloed kan hê op die sukses van 'n plaas, is byvoorbeeld:

- **Trae werk of 'n gebrek aan dissipline** – as bestuurders weet sommige boere wat hulle veronderstel is om te doen, maar is bloot traag en kan hulself nie dissiplineer om die korrekte beginsels toe te pas nie.
- **Om betyds te wees** – sommige boere kan korrekte bestuur toepas, maar hardloop altyd 'n dag of 'n week agter met hul aktiwiteite. Hulle plant óf 'n week te laat, behandel 'n siek koei 'n dag te laat, of reël hulle graanpryse te laat.
- **Lewenstandaard** – huise en privaat motors is onproduktiewe bates en die koste vorm dus deel van die bestuursvergoeding aan die boer. Hoe hoër die koste, hoe meer druk op die wins van die besigheid.
- **Rekordhouding** – boerdery word dikwels beoefen sonder behoorlike inligting. Sommige boere dink hulle plase genereer 'n klomp geld, maar behoorlike rekordhouding kan waarskynlik daarop dui dat byvoorbeeld selfgeproduseerde mielies nie 'gratis' is nie.
- **Aanpasbaarheid** – sommige boere het nie genoeg gediversifiseer om aan te pas by veranderende markte of klimaatstoestande nie.
- **Stagnasie** – sommige boere val vas in bestuurspraktyke wat al 'n dekade lank verouderd is en versuim om te besef dat nuwe tegnologie en verbeterde praktyke sedertdien ontwikkel het.

## Tekens van bankrotskap

Soos in die eerste paragraaf aangedui, is bankrotskap 'n geleidelike proses waarvan die volgende tekens is dat bankrotskap oppad kan wees.

- Krediteure wat 'n boer voortdurend druk en dreig vir betalings.
- Leningsbalans hou aan om te verhoog.
- Verlenging van terugbetalingsvoorwaardes. Byvoorbeeld, geen deposito, of 'n baie klein een oor 'n terugbetalingstydperk wat so lank as moontlik is.

*"Die kampioen boer sal dan in staat wees om sy werknemers, sy grond en alle vaste en roerende bates doeltreffend te gebruik om gehalte produkte wat kliënte nodig het, teen 'n wins te produseer."*

- Terugbetalings word laat gemaak, met net die minimum vereiste bedrag wat betaal word.
- Herskedulering van leningsbetalings vir 'n later datum.
- Onvermoë om BTW te betaal indien van toepassing.
- Die verkoop van los bates vir kontant om privaat uitgawes te betaal.
- Leen van geld van vriende of familie sonder vasgestelde terugbetalings reëlins.
- Maak van doelbewuste foute op tjeks om tyd te wen vir 'n tweede tjek.
- Baie navrae oor die akkuraatheid van bedrae op rekeningstate of versoeke vir duplikaat fakture.
- Die verskoning dat die betaling in die pos is.
- Gerugte wat die rondte doen oor die finansiële posisie van die boer.
- Die boer raak aggressief of onwykend wanneer dit gaan oor geld.
- Weier om met krediteure te praat, 'n verskoning dat hy altyd in vergaderings is, nooit terugbel nie of die aangeleentheid verwys na iemand anders soos die rekenmeester of kantoor assistent.

Wanneer hierdie optrede voorkom, is dit tyd om jou finansiële situasie deeglik te ontleed. Indien jy nie wins maak nie, moet 'n daadwerklike poging aangewend word om inkomste te verhoog, uitgawes te verminder en/of skuld te herstruktureer. Indien dit nie moontlik is nie, moet onproduktiewe bates verkoop word, of 'n alternatiewe ooreenkoms moet aangegaan word met krediteure. As hierdie opsies nie 'n redelike kans bied vir finansiële oorlewing nie, kan sekwestrasie 'n onvermydelike gevolg wees.

**Artikel verskaf deur Marius Greyling, Pula Invula medewerker. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na [mariusg@mcgacc.co.za](mailto:mariusg@mcgacc.co.za).**



# Belangrikheid van onkruidbeheer gedurende somermaande

*Beheer onkruid vroeg in hul lewe wanneer hulle op hul swakste is.*

**O**nkruid is die boer se grootste vyand en is die grootste enkele bedreiging vir 'n boer se potensiële oes. Die beheer van onkruid kan 'n groot uitdaging wees, veral gedurende die somermaande vanaf November tot Januarie, wanneer hulle in hul mees kragtige groeistadiums is en wanneer klimaatstoestande gunstig is.

Die beste tyd om onkruid te beheer is in die vroeë stadiums van hul ontwikkeling wanneer hulle steeds swak en broos is, vroeg in die somermaande. Ongelukkig, as gevolg van swak tydsbestuur en beplanning, kry ons dit nie altyd reg nie.

Dit laat ons met die moeilike taak om te probeer om onkruid onder beheer te hou wanneer hulle groei teen volle krag en op hul sterkste is. Dit mag moeiliker wees om onkruid gedurende hierdie tyd te bestuur, maar ons moet dit nog steeds doen! Dit is van kardinale belang om nie toe te laat dat die onkruid 'n voorsprong kry nie. Dit is 'n deurlopende taak wat ons nodig het om by te hou ten einde die voordele van goeie opbrengste tydens oestyd te behaal.

## Beste tyd om onkruid te beheer

Ons moet altyd onthou dat die beste tyd om onkruid te beheer is vroeg in hul lewe wanneer hulle op hul swakste is. Wanneer ons onkruid te lank los, word dit meer bestand, wat dit baie moeiliker maak om dood te maak. Onkruid het ook baie hoër voedingstowwe en vog inname nodig wanneer hulle jonk is en aktief groei, as ons hulle dus op hierdie tyd spuit, sal hul inname van chemikalieë ook hoër wees, wat ons die beste resultate sal gee.

## Onkruidbeheer strategieë gedurende die somermaande

As boere het ons twee tipes gereedskap tot ons beskikking om te probeer om onkruid onder beheer te hou. Dit is chemiese onkruidbeheer en meganiese onkruidbeheer. Ons bestuurspraktyke sal bepaal watter een van hierdie ons die meeste van gebruik maak. Byvoorbeeld, as jy geen-bewerking praktyke op jou plaas volg, sal

jy net staatmaak op chemiese beheer. By 'n konvensionele stelsel sal jy gebruik maak van beide.

Die ideale scenario wanneer jy gebruik maak van geen-bewerking praktyke, sou wees om alle jong onkruid vroeg in die somer te beheer deur die gebruik van 'n breëbasis produk wat met kontak dood. Dit kan gedoen word in samewerking met 'n vooropkoms onkruiddoder wat meer blywende resultate sal gee. Baie boere verkies egter om hierdie toediening onafhanklik te doen, omdat die ideale toestande vir beheer warm, skoon weer is.

Vir vooropkoms toediening is die gewenste toestande koel, reënigerige weer wat die chemikalieë help om in die ondergrond geabsorbeer te word, wat die beste resultate gee. Na-plant sal jy 'n ander onkruiddoder gebruik, omdat jy die jong saailinge die beste kans wil gee om 'n voorsprong te kry sonder enige kompetisie. Wanneer mielies in die groeistadium is, moet 'n mens die gewas voortdurend ondersoek vir onkruid. Indien daar 'n bewys is van onkruid, moet 'n mens nog 'n toediening gee. Daar sal 'n konstante bedreiging van onkruid wees tot by die punt waar die gewas goeie basale bedekking aan die grond kan verskaf. Sodra dit gebeur, sal daar 'n gebrek aan sonlig wees wat deurdring tot op die grond wat die aantal onkruid wat ontkiem, sal verminder.

By 'n konvensionele stelsel plant boere gewoonlik in 'n goed voorbereide, skoon saadbed. Die saadbed sou voorberei gewees het kort ná die eerste reën. Baie konvensionele boere sal net voor die planter met 'n vlerkskaar tandskoffel of vibroflex bewerk, sodat daar geen onkruid tydens planttyd is nie. Net na plant sal hulle die gewas spuit met 'n vooropkoms onkruiddoder. Sodra die gewas opgekom het, sal 'n mens 'n ander meganiese onkruidbeheer stelsel gebruik, in samewerking met 'n topbemesting toediening deur die gebruik van 'n veertandskoffel wat ingestel is om skoon te skoffel tussen die gewas rye en aangepas is met kunsmisbakke. Dit kan slegs gedoen word tot by 'n sekere punt waar die mielies te hoog word.



*Onkruidbeheer word al hoe moeiliker omdat die onkruidplante sterk word.*

## Ideale toestande vir chemiese toediening

Onthou altyd dat wanneer kontak chemikalieë gespuit word, die ideale toestande warm, kalm en skoon toestande is. Die onkruid moet aktief groei om die beste resultate te behaal. Maak seker dat die spuit korrek ingestel is en dat daar min of geen wind is om spuitstof newels te beperk. Wanneer vooropkoms chemikalieë gespuit word, is die ideale toestande kalm en reënigerige weerstoestande. Dit sal help dat die chemikalieë geabsorbeer word in die grond waar dit die ontkiemingsproses van die onkruid effektief kan inhibeer.

Onkruid kan 'n vernietigende uitwerking op die potensiële opbrengs van jou oes hê. Boere moet altyd hulle lande ondersoek vir onkruid. Niks kan presteer as daar negatiewe kompetisie is nie. Dit is die rede waarom ons as boere alles wat ons kan moet doen om die impak van onkruid op ons gewasse te beperk. Ons sukses sal bepaal word deur ons vermoë om vooruit te beplan en ons ywer in die beoordeling van die toestande van ons lande en die aksies wat ons neem om hulle in stand te hou.

**Artikel verskaf deur Gavin Mathews, Baccalaureus in Omgewingsbestuur. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na [gavmat@gmail.com](mailto:gavmat@gmail.com).**

## Redaksie

### GRAAN SA: BLOEMFONTEIN

Suite 3, Privatsak X11, Brandhof, 9324  
Collinsstraat 7, Arboretum  
Bloemfontein  
► 08600 47246 ◀  
► Faks: 051 430 7574 ◀ [www.grainsa.co.za](http://www.grainsa.co.za)

### HOOFREDAKTEUR

**Jane McPherson**

► 082 854 7171 ◀ [jane@grainsa.co.za](mailto:jane@grainsa.co.za)

### REDAKTEUR & VERSPREIDING

**Liana Stroebe**

► 084 264 1422 ◀ [liana@grainsa.co.za](mailto:liana@grainsa.co.za)

### ONTWERP, UITLEG EN DRUK

**Infoworks**

► 018 468 2716 ◀ [www.infoworks.biz](http://www.infoworks.biz)



### PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:

#### Afrikaans,

Engels, Tswana, Sesotho,  
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

### Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere

#### ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERders

**Johan Kriel**

Vrystaat (Ladybrand)  
► 079 497 4294 ◀ [johank@grainsa.co.za](mailto:johank@grainsa.co.za)  
► Kantoor: 051 924 1099 ◀ Dimakatso Nyambose

**Jerry Mthombothi**

Mpumalanga (Nelspruit)  
► 084 604 0549 ◀ [jerry@grainsa.co.za](mailto:jerry@grainsa.co.za)  
► Kantoor: 013 755 4575 ◀ Nonhlanhla Sithole

**Jurie Mentz**

Mpumalanga/KwaZulu-Natal (Louwsburg)  
► 082 354 5749 ◀ [jurie@grainsa.co.za](mailto:jurie@grainsa.co.za)  
► Kantoor: 034 907 5040 ◀ Sydwell Nkosi

**Graeme Engelbrecht**

KwaZulu-Natal (Louwsburg)  
► 082 650 9315 ◀ [graeme@grainsa.co.za](mailto:graeme@grainsa.co.za)  
► Kantoor: 012 816 8069 ◀ Sydwell Nkosi

**Ian Househam**

Oos-Kaap (Kokstad)  
► 078 791 1004 ◀ [ian@grainsa.co.za](mailto:ian@grainsa.co.za)  
► Kantoor: 039 727 5749 ◀ Luthando Diko

**Liana Stroebe**

Wes-Kaap (Paarl)  
► 084 264 1422 ◀ [liana@grainsa.co.za](mailto:liana@grainsa.co.za)  
► Kantoor: 012 816 8057 ◀ Hailey Ehrenreich

**Du Toit van der Westhuizen**

Noordwes (Lichtenburg)  
► 082 877 6749 ◀ [dutoit@grainsa.co.za](mailto:dutoit@grainsa.co.za)  
► Kantoor: 012 816 8038 ◀ Lebo Mogatlanyane

**Julius Motsoeneng**

Noordwes (Taung)  
► 076 182 7889 ◀ [julius@grainsa.co.za](mailto:julius@grainsa.co.za)

**Sinelizwi Fakade**

Mthatha  
► 071 519 4192 ◀ [sinelizwifakade@grainsa.co.za](mailto:sinelizwifakade@grainsa.co.za)  
► Kantoor: 012 816 8077 ◀ Cwayita Mpotyi

Artikels wat deur onafhanklike skrywers geskryf word, is die mening van die skrywer en nie van Graan SA nie.

# Graan SA gesels met... Zoliwe Nombewu



### Beskryf jou sterk- en swakpunte

**Sterkpunte:** My sterkpunte is die vermoë om te bemerk wat ek produseer, my produksiepraktyke wat ek daaglik streef om te verbeter, my vermoë om die beste prys vir alles wat ek nodig het te kry en kommunikasie met mense.

**Swakpunte:** My swakpunte is dat ek met tye ongeduldig word, angstig raak en dat ek baie praat.

### Wat was jou oesopbrengs toe jy begin boer het?

#### Wat is jou onderskeie opbrengste nou?

Toe ek begin het, was dit op grond van my man wat 4 ha groot was. Ons het niks meer as 1,5 t /ha met 'n goeie opbrengs geproduseer nie. Toe kom Graan SA met beter maniere om mielies te verbou en ons grond te bewerk. Ek produseer nou 4 t/ha - 5 t/ha onder droëland. Duidelik het ek met die ernstige droogte verlede jaar minder opgelewer.

### Wat dink jy was die grootste bydraer tot jou vordering en sukses?

My man, die passie wat ek vir boerdery het, my bereidwilligheid om voortdurend te leer en die volharding en dryf om te slaag met wat ek doen.

### Waar sien jy jouself oor vyf jaar? Wat sou jy graag wou bereik?

Oor vyf jaar wil ek ten minste 100 ha - 150 ha op kommunale grond plant. Ek wil graag 'n suksesvolle boerdery bestuur, 'n mark relevante boer vir die Mthatha streek word, asook van krag tot krag groei in my boerdery.

**P**assie, harde werk en die bereidwilligheid om te leer, is die sleutel faktore waarom Zoliwe Nombewu van Mthatha in die Oos-Kaap verseker is van sukses met enige uitdaging wat sy aanpak.

### Waar en op hoeveel hektaar boer jy? Waarmee boer jy?

Ek boer tans op 32 ha, met oorwegend mielies. Ek boer ook met groente op 3 ha waarvan ek aan Spar, Spargs en ander omliggende markte voorsien wat bereid is om te koop.

### Wat motiveer/inspireer jou?

My man inspireer my, want hy het met niks begin nie en vandag is hy stadig maar seker besig om te vorder binne die boerdery arena. Die passie wat hy het vir die landbou en boerdery het my aangemoedig om hom te ondersteun en dit het my laat groei om dit wat ek vandag doen, te waardeer.

Artikel verskaf deur Sinelizwi Fakade, Provinsiale koördineerder Mthatha, Oos-Kaap. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na [sinelizwe@grainsa.co.za](mailto:sinelizwe@grainsa.co.za).